DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

GOD IS ONS RIGTER

Spreuke 16:9 *Die hart van die mens dink sy weg uit, maar die Here rig sy voetstappe.*

Die werksaamhede van Olielamp is weer in volle gang. Mirjam het besluit om Nederland toe te gaan vir 'n jaar, dus moes ons afskeid neem van haar. Ons dank haar vir die tyd wat sy afgestaan het vir die versorging van hierdie blad en die toewyding waarmee sy dit gedoen het, dit was puik. Met die hulp van die onderskeie redaksielede en jou insette hoop ek om haar plek te kan volstaan.

'n Mens oordink sy lewensweg vantevore en maak allerlei planne. Maar uit ervaring weet ons dat dit meestal anders uitwerk as wat ons beplan of bedink het. Want dit is die HERE wat die gang van mense bestuur, sê bostaande vers vir ons. Nie die mens self regeer nie, ook nie die noodlot nie, maar God. Vandaar die gesegde: 'n mens wik maar God beskik.

Ons mag vandag wel planne maak maar alleen onder die voorwaarde van Jakobus, soos 'n mens dit noem. Alles staan in die teken van die afkorting D.V.: "*Deo Volente*". Dit beteken volgens Jakobus 4:15: "In plaas dat julle sê : As die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen." Daarom mag ons planne maak en besluite neem maar as dit anders verloop weet ons dit is God se wil en moet ons daarby berus en troos daaruit put, wetende dat God die stuur in hande het.

Aan die begin van hierdie nuwe jaar wens ons daarom ook almal sterkte toe met planne en besluite wat geneem is. God sal leiding gee.

Namens die Redaksie
Lieneke Eefting

INHOUD

Uit die Woord
Want elkeen wat bid, ontvang 2
Geloofsvertroue gee standvastigheid 3
Boeiende wet 4

Oppad
Preek 4
Westminster Confession 5
Keuses 6

Voel jy ook so?
Vloek 7
Charming princes and sleeping beauties 8
Studentwees 9

Reaksie
Lewenskeuses 10

Sosiaal
Deur die sleutelgat 11
Studente 2001 12
Voetspoor 13

Nog iets…
Gedig: Beminde 14
Boeke 14
Verjaarsdae 16

WANT ELKEEN WAT BID, ONTVANG

Hein Smit

"En ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word." - Lukas 11:9-10)

Die bogenoemde is 'n gedeelte in die Bybel wat ons almal seer sekerlik vantevore raakgelees het. Die gedeelte word vervolg deur die woorde van Jesus Christus waar Hy sê dat 'n vader sy seun nie 'n klip sal gee as hy hom vir 'n brood vra nie of vir hom 'n slang sal gee as hy vir 'n vis vra nie. Die gedeelte kan 'n mens maklik aan die dink sit. Word ons hier openlik deur Christus uitgenooi om ons verlanglysie in 'n gebedsvorm om te sit? Of dalk dat ons die lewenslange probleme uit die weg kan ruim deur 'n enkele gebed na die Vader te rig? Nee, definitief nie! Baie gelowiges sal kan getuig dat hulle al aande omgebid het om van hulle probleme opgelos te kry of hulle lewensideale te vervul, maar tot op hede nog nie veel daarvan gesien het nie.

Die boodskap wat hier duidelik vorendag kom is dat al ons gebede aangehoor word, maar nie noodwendig verhoor word nie. Ons Vader in die hemel weet wat die beste is vir sy kinders op aarde. Sy raadsplan is vir ons nie altyd so duidelik nie. Die beproewinge wat op ons lewenspad geplaas word kan net ons geloof versterk en so ons liefde vir die Vader versterk. 'n Ander punt wat baie prominent na vore kom is die geloofwaardigheid van 'n gebed. Die vergelyk word getrek met 'n vader-seun verhouding. Die boodskap wat daar uitkom is dat 'n vader altyd vir sy seun die beste wil gee en hom nie sal teleurstel nie. Met watter houding nader ons die Vader in ons gebed? Hoe gereeld word ons in ons daaglikse lewe teleurgestel met leë beloftes? Vriende, familie, kollegas, mede-studente wat jou al 'n bepaalde ding beloof het, waarop jy nou nog wag? Is ons nie



Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Rinus Kamphuis (kamphuisrk@hotmail.com)
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
Penningmeester: Arjan van Houwelingen
Lede: Willemien Kleijn
Wilma Lubbinge
Anita Zielman

Maranata:
Redakteur: Cora Visser (jrvisser@global.co.za)
Penningmeester: Daniël van der Meulen
Sekretaresse: Marie Louise van den Bout
Lede: Frans Hagg
Anita Drijfhout

Kaapstad:
Redaktrise: Lieneke Eefting (lieneke@xsinet.co.za)
Artikelversorging: Christine van der Linden
Jaco Haak
Sekretaresse: Maartje Eefting
Finansies: Margreet Moes

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Arnoud van den Bout

Uitleg:
Gerhard Bijker (gerh@rd.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp 9* keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres: *http://www.vgk.org.za/olielamp/*

Koste: R35.00 per jaar

geneig om ons lewenstyl daarby aan te pas dat ons alles graag swart-op-wit wil hê voordat ons iemand glo nie? Net om die moontlikhede vir omdraaikans uit die weg te ruim. Om nie eers te praat van die gevalle waar ons self sinnelose verskonings vorendag moes bring ter verduideliking vir die laat respons van ons kant af.

Met die sondige gebreke van ons en ons naaste in die agterkop, is dit ook die houding wat ons saamdra as die hande gevou en die oë gesluit word? Is ons geneig om die sonde van die wêreld in ons gebed saam te sleep? Om weereens tot die Vader in ons gebed te nader en halfhartig ons probleme ter tafel te lê? Die Bybel is baie duidelik daaroor dat dit nie die geval is nie. Elke gebed wat ons aanpak moet met diepe eerbied en erns gedoen word. Ons rig onsself na Vader in die hemel waar Hy op sy heilige troon die wêreld regeer. Daar sit Jesus Christus ons voorspraak by Vader en smeek om genade en skuldvergiffenis. Hy wat sy bloed vir ons vergiet het en vir ons gely en gesterwe het. So stuur die Vader ook sy Heilige Gees uit in ons harte om ons aktief te maak in die geloof en ons weerbaar te maak teen die aanvalle van Satan en sy trawante. Groot sal ons skaamte wees as ons met ‘n houding van kleingeloof tot God se troon nader. Waak daarteen dat ons ons Vader enigsins wil vergelyk met ‘n ja-broer wat alweer nie sy belofte nakom nie.

Ek wil graag die artikel op ‘n gepaste manier afsluit op dieselfde manier wat die Heidelbergse Kategismus mee afgesluit word. Dit is met die woord amen. Die woord wat ons self gebruik om ons gebed mee af te sluit. Die verduideliking wat daarop volg is:”Dit is waar en seker, want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer.”

VERTROUE OP GOD GEE JOU LEWE STANDVASTIGHEID

Carina van Alten

Spreuke 3: 1-10
My seun, vergeet my onderwysing nie, en laat jou hart my gebooie bewaar; want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder. Laat liefde en trou jou nie verlaat nie; bind dit om jou hals, skryf dit op die tafel van jou hart, dan sal jy genade vind en ‘n goeie insig in die oë van God en die mense. Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak. Wees nie wys in jou eie oë nie, vrees die Here, en wyk af van die kwaad; dit sal genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente. Vereer die Here uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste; dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos.

Dit gebeur maklik dat jou lewe uit rat gegooi word. Die druk en spanning bou daagliks op; jou denke raak verward; waardes word verdraai en verborge invloede oorskadu die visie wat jou lewe daarop moet nahou. Wanneer dit gebeur, verloor jou lewe sy skoonheid en vonkeling en word dit eentonig en vervelig; met ander woorde, jy het jou ewewig verloor.

Die enigste redelike en verstandige manier om te leef, is God se manier soos dit vir ons geopenbaar is deur Jesus Christus, ons lewende en opgestane Verlosser. Ongelukkig leef die oorgrote meerderheid mense sonder enige inagneming van ons Hemelse Vader. Hulle skep hulle eie standaarde na hulle eie gerief en smaak. Wanneer dinge dan verkeerd loop, blameer hulle God daarvoor.

Die geheim van ‘n ewewigtige en selfbeheerste lewe lê daarin dat jy sensitief moet wees vir die wil van die Here. Hy lei diegene wat sy wil vir hulle lewens soek. Moet egter nie ontmoedig word as jy foute begaan wanneer jy sy wil vir jou soek nie. Jou persoonlike begeertes speel soms ‘n negatiewe rol hierin. Stel jou begeerte om aan Hom gehoorsaam te wees as jou hoogste prioriteit en jy sal uitvind dat, al sou jy nog foute begaan, God hierdie hoogste begeerte sal eerbiedig. Hy sal aanhou om jou op sy pad te lei.

Niemand wat na die wil van God probeer leef, het nie op die een of ander tydstip ‘n fout begaan nie. As jy eerlik daarna streef om binne die wil van God te leef, volg jy ‘n geïnspireerde koers wat jou uiteindelik ware vervulling, innerlike vrede en ‘n ewewigtige lewensbenadering sal besorg.

‘N BOEIENDE WET ? (EX. 20:1-2)

Arjan van Houwelingen

In die volgende tien uitgawes kom ‘n reeks artikels oor die tien gebooie. Is dit nou wel so ‘n goeie plan? Ons hoor die wet al so baie, en om die waarheid te sê is die wet nou ook nie juis iets om jou op te vrolik nie. ‘n Klompie reëls wat jou vertel wat jy mag en (veral) nie mag doen nie. Maar as ons so oor die wet dink, maak ons ‘n fout. Reeds in die eerste twee verse van Exodus 20 kan ons sien hoekom:

Vers 1: ”Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê”
Dit is nogal belangrik om te sien dat God direk tot sy volk gespreek het by die berg Sinaï, Hy het nie sy wet gegee deur middel van een of ander profeet nie, maar dit direk aangekondig. Wat is nou so belangrik daaraan? Die belangrikste is mos dat die HERE op een of ander manier sy wet gegee het, en ons moet ons nou maar daaraan hou, eenvoudig genoeg.

Tog is dit nie so eenvoudig nie. Want as God begin praat gebeur daar altyd iets besonders. In Jesaja 55: 10-11 word God se woorde vergelyk met reën en sneeu wat op die aarde val en die grond vrugbaar maak. Net so“…*sal dit* (God se woorde) *nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag”* (vs 11). As die HERE spreek is dit dus nie sonder effek nie. Dink net wat alles gebeur het toe God gespreek het by die skepping. Daar kom lig, plante begin sommer vanself opkom, die aarde begin wemel van allerhande diere. God se Woord gee *lewe.*

As God sy volk aanspreek by Sinaï, is dit dus om vir hulle ‘n nuwe lewe te gee. Elke keer as God sy wet gee, waarin ons kan sien hoe sondig ons is, kan ons onthou dat dit diè God se woorde is, wat lewe gee. Die God wat ons verlos het van die dood van die sonde.

Vers 2: “Ek is die HERE jou God, wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het.”
Hierdie woorde klink net soos woorde wat in die tyd van die uittog altyd gebruik is as die een koning ‘n ander een verslaan het, en die reëls vasgestel is waaronder die verslane volk moet lewe, om onder die guns van die oorwinnaar te bly. Aan die begin van so ‘n verbond het die oorwinnaar homself bekend gemaak, en vertel watter magtige dade hy alles gedoen het. So maak die HERE Homself ook bekend as sy volk se groot Koning, wanneer Hy sy verbond sluit by Sinaï.



Daar is net een baie belangrike verskil: God vertel nie hoe Hy sy volk **oorwin** het, en dat hulle daarom aan sy wet gebind is nie, maar juis dat Hy hulle **bevry** het. God wil ons nie deur sy wet bind nie, maar juis bevry van die sonde. Hy wou dit selfs so graag, dat Hy sy eie Seun gestuur het om vir ons te sterf, en ons so vir altyd van die mag van Satan te bevry.

Dis dus duidelik dat God se wet nie sommer net ‘n klomp reëls is nie. Nee, deur sy wet gaan God aan die werk met sy volk, wat eers dood was en slawe van die sonde, om hulle te bevry, sodat hulle vir Hom kan *lewe.*

PREEK IS MOEILIK - GOED LUISTER OOK (4)

Johan de Vente

In die Desember 2000 uitgawe het ons na die pastorale preek gekyk en die voordrag daarvan. Ons kyk in hierdie uitgawe na die laaste aspek wat handel oor hoe ons as jeug na ‘n preek luister.

Ons gaan van kleins af al saam kerk toe. Die rede hiervoor was dat ons leer om te luister na wat die predikant sê en om te leer om eerbiedig wees. Hoe ons rustig en eerbiedig gehou moes word was ‘n saak op sy eie.

Ons sukkel almal nou nog partykeer om te luister. Dan is ons gedagtes nie by die preek nie en dan gaan die woorde van die mooiste preek soos ‘n stroom van woorde verby. Hoe kan ons leer om te goed te luister? Wat kan die dominee daaraan doen? Feitlik niks.

Die dominee kan elkeen se aandag trek deur te sê: "Broeders en Susters, Seuns en Dogters". So laat hy duidelik blyk dat elkeen aangespreek word. 'n Verdere hulpmiddel om aandag te trek is deur retoriese vrae te vra. Die dominee moet elkeen se aandag trek en dit dus ook vashou.

As ons eenmaal gewoond daaraan is om nie meer na die preek te luister nie, kan die gewoonte nie deur die dominee deurbreek word nie. Die inlas van eenvoudige gedeeltes help dan ook nie meer nie selfs al is dit spesifiek op ons gerig nie. Hy kan dan weer aandag kry deur 'n rukkie stil te bly en as daar dan 'n algehele stilte heers weer verder te gaan. Dit kan maar enkele kere toegepas word. 'n Goeie oplossing om ons aandag by die preek te hou is om die preek neer te skryf terwyl daar gepreek word, dan word die lyn van die preek goed sigbaar en is dit meer as net los woorde. So leer ons om te luister, daarna begin ons dan ook verstaan wat bedoel word. Dit kan dus as goeie leidrade vorm as ons met ander oor die preek praat. So kan ons aangespoor word om beter na die preek te luister.

Wat verwag die Here van ons?
Dat ons vol eerbied voor Hom verskyn as ons met sy Woord besig is. Wanneer ons bid, uit sy Woord lees, as ons Bybelstudie hou, as ons by katkisasie en as ons van Hom praat of vertel. Daar behoort dus ook 'n goeie voorbereiding te wees.
Neem ons tyd om 'n goeie luisterhouding in te neem? Bid ons ook vir die predikant, nie net as hy moet preek nie, maar ook as hy die preek voorberei? Berei ons ons ook voor as ons kerk toe gaan of is ons haastig om by die kerk uit te kom omdat ons laat is? En wat verwag ons van die preek en van die erediens?

As ons 'n opregte verlange het om vir die versoening van ons sondeskuld te dank en God daarvoor te prys, omdat die versoening weer aan ons verkondig is, dan mag ons getroos en bemoedig huis toe gaan.

Oppad

DIE "WESTMINSTER CONFESSION" (1)

Anita Zielman.

Ek is seker dat van julle al gehoor het van dié belydenis. Dalk het julle al gewonder wat die belydenis presies inhou. Om die eerlike waarheid te sê het ek self gedink dat dit 'n belydenis is wat 'n spul ketterye verkondig. Maar inteendeel. Dié belydenis kan ons so 'n bietjie gelyk stel aan ons eie NGB. Dié belydenis word algemeen gebruik in ons susterkerke in Skotland en Australië, waarmee ons Vrye Gereformeerde Kerke korrespondeer.

'n Mens sou dus nie kan sê dat konfessie verkeerd is nie, alhoewel daar wel 'n paar punte is wat met ons belydenis verskil. In ander punte is die konfessie weer meer positief en duideliker as ons Drie Formuliere van Eenheid. Maar waarom dan die verskille? Hoekom kan ons nie een ooreenstemmende belydenis hê nie? Die kerke het 'n ander geskiedenis en stryd gehad as ons kerke en dit kan die moontlike verskille verduidelik wat ons in die konfessie vind. Meer hieroor later.

Die inhoud van die konfessie is gewortel in die rykdom van die Calvinistiese reformasie soos deur onder andere John Knox na die kerke van Skotland oorgedra is. Kenmerkend van die belydenis is haar veroordeling van die Roomse leer en tewens 'n sterk beklemtoning van die uitverkiesingsleer teenoor die Arminianisme van daardie tyd. Die belydenis is opgestel in 1643 en bestaan uit 33 artikels/hoofstukke.

Die eerste hoofstuk gaan oor die Heilige Skrif. Die Westminster Konfessie praat breër hieroor as wat ons belydenis hieroor praat. 'n Opmerklike uitspraak vind ons in hoofstuk 1.6: "*Die volle raad van God met betrekking tot alle dinge wat nodig is vir sy heerlikheid, die saligheid van die mens, en die geloof en lewe, is uitdruklik opgeteken in die Skrif, of mag van die Skrif afgelei word, deur 'n goeie en noodsaaklike gevolgtrekking: waaraan niks te eniger tyd bygevoeg mag word nie, of dit nou nuwe openbarings van die Gees of tradisie van mense is nie*."

Die kritici het met ernstigheid hierop gereageer met vrae soos: Is die Bybel dan nie genoeg nie? Heers daar dan nie 'n gevaar dat ons dan net soos die Skrifgeleerdes 'n klomp wette, voorskrifte en dogma's uitdink wat ons sogenaamd kan aflei uit die Skrif nie? Vir sulke vrae moet ons wel deeglik oppas. Ons kan die vrae beantwoord deur te weet dat ons opvattinge duidelik uit die Bybelse verkondiging afgelei word.

In hoofstuk 10 (oor die Kragdadige Roeping) lees ons dat die roeping uit die sonde tot genade en redding, deur Jesus Christus, die Wedergeboorte, gebeur deur die Woord en Gees van God. Hier word die 'onmiddellike' wedergeboorte uitgelaat. Die laas-genoemde gedagte is al in die 17 de eeu sterk deur dr A Kuyper benadruk, en dit het heelwat tweespalt in die gereformeerde kerke gebring.

'n Verskil in uitsprake oor die twee nature van Christus het ook menige oproering teweeg gebring. In Hoofstuk 8. 7 lees ons: "Christus het in sy werk van Middelaar gehandel ooreenkomstig beide nature; en het gedoen soos dit eie is aan elke natuur, nogtans as gevolg van die eenheid van die persoon word dit wat eie is aan die een natuur, somtyds in die Skrif toegeskryf aan die ander natuur. Die teksverwysings is: Hand. 20:28 en Joh. 3:11. In Hand. 20:28 staan dat God sy gemeente gekoop het deur sy eie bloed. Nou behoort vlees en bloed mos by die menslike natuur, maar tog word hier bedoel met eenheid van Persoon, die bloed van God, God se Seun. In Joh. 3: 13 lees ons dat die Seun, wat mens geword het uit die Hemel gekom het.

Sulke dinge bring verwarring en ons moet goed onderskeid kan tref. As ons dit nie doen nie sal ons te kort doen aan die menslike òf goddelike natuur van Christus. Ons moet oppas om Christus nie heeltemal te "vermenslik" nie. Soos wat ons tog elke dag duideliker kan sien gebeur.

Daar is ook 'n afwatering as dit kom by die regverdiging. In die konfessie word aanneming (tot kinders van God) en regverdiging en heiliging in een asem genoem. Die regverdiging en heiliging word dan ook verwerp. In hoofstuk 11 word wel gesê dat God van ewigheid af besluit het om al die uitverkorenes te regverdig, maar hulle is nie geregverdig totdat die Heilige Gees op sy tyd werklik Christus tot hulle gebring het nie. Die ewige raad nie onderskei van die vervulling van die raad in die hede nie.

Tot sover het ek net gekonsentreer op die negatiewe punte van die Westminster Confession.
Tog is daar 'n hele paar positiewe punte in die konfessie, waar ons by kan leer. Ek wil daarop konsentreer in die vervolg van die artikel.

(Word vervolg)

HOE KIES JY?

Margreet Moes

As jy elke geleentheid verby laat gaan, omdat jy jou sou kon vergis, wanneer kom die regte oomblik dan? - Gontsjarov in *Oblomow*

In die neem van lewensbelangrike besluite gaan dit soms baie moeilik. Dink aan die keuse vir 'n studie- of beroepsrigting. Jy voel 'n moontlike roeping, maar is tog onseker daaroor. Wat moet jy doen? Is daar 'n toekoms of inkomste in die rigting waarin jy belangstel? Wat van die besluite rondom die kwessies van gesinsbeplanning of werkende ma's. Het ons 'n keuse daarin? Gaan jy die verhouding met die persoon wat nie dieselfde geloofsoortuiging het, voortsit? God kan die persoon na Hom lei deur jou. Jy wil graag ontspan saam met vriende, maar jy is onseker wat God van dié soort ontspanning dink.

Kies is 'n bewuste proses. Soms neem dit eindeloos om 'n besluit te neem, en ander kere neem dit slegs sekondes. Soms maak 'n mens nie eers 'n bewuste keuse nie. Keuses het nie net met nadenke te doen nie, ander aspekte het ook 'n invloed.

Jy is dikwels nie bewus van die manier waarop jy 'n keuse maak nie. Jy staan ook nie altyd stil by die gevolge van 'n besluit nie. Kom ons kyk na drie maniere van keuses maak, wat baie voorkom, maar nie altyd suksesvol is nie.

1. Kop in die sand steek
Dit is die ontwyking van 'n besluit neem. Dis 'n manier om verantwoordelikheid te ontduik. Baie keer speel angs 'n rol. Miskien is jy bang om jou mening te gee of is jy bang vir die gevolge van jou besluit. Miskien weet jy nie regtig wat jy self wil hê nie.



2. Kop stamp
Jy ontdek pas jou probleem na jou besluit geneem is. Dan sien jy eers dat jy iets beters kon gedoen het. Die praktyk wys of die keuse uitwerk of nie.

3. Die twyfelaar
Dis iemand wat lank nadink, wik en weeg. Die denker kan nie tot 'n keuse kom nie. Jy is bang vir risiko's neem. Bang vir onsekerheid en onduidelikheid. Jy vind dit moeilik om te sê wat jy self belangrik vind.

Elkeen van ons volg een of ander tyd een van bogenoemde maniere van keuses maak. Daar is 'n ander manier om tot 'n besluit te kom. Hierdie manier vra tyd, konsentrasie en aandag.

- *Stap 1: Jou wens, vraag of probleem analiseer.*
  Dit kan jy doen deur te kyk na wat alles 'n invloed het en waaroor dit gaan.
- *Stap 2: Ontdek watter emosies speel 'n rol.*
  Gevoelens speel 'n groot rol in besluitneming. Ondersoek jou positiewe en negatiewe gevoelens.
- *Stap 3: Ondersoek jou motiewe.*
- *Stap 4: Jouself afvra wat God se wil is.*
  Betrek Hom by jou lewe. Jy kan bid vir wysheid. Glo dat God jou hart en verstand sal lei na die regte keuse. As jy 'n keuse saam met God maak, kan jy rus vind in jou besluit.
- *Stap 5: Jou motiewe, gevoelens en twyfels met ander deel.*
  Dit is belangrik om dit met mense te deel wat jy vertrou. Hulle kan ondersteuning bied. 'n Gesprek help dikwels om jou gedagtes te orden.
- *Stap 6: Jou voorstel hoe jou lewe sal lyk na jou keuse.*
  Veroorsaak jou besluit byvoorbeeld onnodige konflik?

Stap 4 is dié belangrikste! Dit maak besluitneming egter nie maklik nie. Dikwels veroorsaak die gevolge trane en teleurstelling. Ons het ook nie beheer oor alles of 'n sê in alles nie. Maar onthou: God het 'n plan met jou! Maak jou besluite saam met Hom.

Bron:
Als vrouwen kiezen – Idske de Jong (Scala reeks)

Voel jy ook so?

#@^&!!*$?^%

Corrien Geleynse

Ja, wel, dis waaroor my artikel gaan. Vloek. Lastering. Minagting van God se heilige naam.

Die blote feit dat ek teen die mure wou uitklim oor die holrug geryde toestand van hierdie onderwerp, is reeds meer as genoeg rede tot kommer. Wil ek dan nie meer weet hoe God dit haat om sy naam in ydele gebruik uitgespreek te hoor nie? Laat dit my al van frustrasie die afstand van die vloer af na die dak toe meet? Dis nogal 'n ontstellende gedagte, en tog, is ek die enigste



een wat sug as ek lees "...sal jy asseblief 'n artikel skryf oor: 'Respek vir God'..."?

Die vraag wat onmiddellik by my opgekom het, is: Wat is 'n vloekwoord dan nou eintlik? Wat presiés is lastering? Bespotting van God se almag?

Op die eerste vraag het ek besluit dat 'n vloekwoord eintlik iets mensgemaak is. 'n Obsene assosiasie, 'n veragtelike konnotasie, en iets waarmee ons onsself baie luid en duidelik as deel van die wêreld verklaar. 'n Woord wat darem maar alte sondig lekker oor ons lippe bars in situasies van pyn, teleurstelling, verbasing, skok... 'n Swak gewoonte wat ons maar liewer die nek moet inslaan.

En dan, lastering. Vir my gaan dit en die bespotting of minagting van Gods almag redelik saam. Die ydele gebruik van sy naam. Wel, ek troos myself nou aan die

feit dat ek in opregtheid kan sê dat ek ineenkrimp elke keer as ek die naam van God onverskillig uit mensemond hoor kras. Waar het ons so van ons mede-gelowiges uit die eerste eeue - wat God se naam selfs in eerbied nie durf gebruik het uit heilige respek vir Hom nie - se pad afgedwaal dat ons nou al die naam van God ydellik gebruik?

Eintlik het vloek as 'n klein sondetjie in my gedagtes geleef, en laster teen God as die oergrootjie van alle sondes. Maar dadelik wonder ek weer oor die dilemma van die groot en die klein sondes. Die feit dat daar geen so 'n verskil bestaan nie. Wel, ek bly by my mening dat lastering 'n gruwel is, maar wat dan van vloek? Dit bly vir my 'n ietwat netelige kwessie.

Op 'n effens ander trant en ter afsluiting nog dít: Ek dink dat ons as jeug van die VGK - die oorgrote meerderheid van ons - goed daaraan sal doen as ons net 'n bietjie op ons taalgebruik sal let, en sal onthou dat, as iemand in ons teenwoordigheid vloek, en ons daaraan niks doen nie, ons ewe lustig saamvloek.

Ek, vir een, sal saam met die digter van Psalm 141 bid dat die Here 'n wag voor my mond sal plaas, en die deur van my lippe sal bewaar. En weer 'n slag ons broeder in die geloof, die apostel Jakobus, se brief gaan lees en sy vermaninge gaan oordink.

"CHARMING PRINCES AND SLEEPING BEAUTIES"

Mira Baan

Is jy ook een van die *Sleeping Beauties* **wat wag vir jou** *Prince Charming* **om sy pad deur die dorings heen te veg om jou te kom wakker soen? Of het jou ruiter op die wit perd reeds gearriveer? Dan is jy gelukkig…of is jy?**

Die antwoord op elke *Sleeping Beauty* se 'ongelukkigheid' is natuurlik 'n verhouding met 'n *Prince Charming*, iemand wat haar kom wakker soen uit haar 'slaap' en weer 'n doel in haar lewe gee. So asof dit ál is waaroor die lewe gaan. As jy 'n alleenstaande is dan het jy die doel van jou lewe gemis. Jammer.

Maar *is* die huwelik die doel van ons lewe? Ja, God het ons die kultuuropdrag gegee in Genesis 1 : 28, maar kan jy as ongetroude dan nie die kultuuropdrag ten volle uitvoer nie? Om 'n lewensmaat te kies is natuurlik 'n belangrike keuse, maar tog nie die belangrikste keuse in jou lewe nie!

Jy mag dalk dink dat jou omstandighede of die geografiese ligging van jou woonplek in die pad staan om jou 'Mr Right' te ontmoet. Ag ja, en die keuse in die kerk is maar beperk, word daar gesê…Moenie dink dat hierdie 'hindernisse' nie deur God oorwin kan word nie. God wéét waar jy woon en waar jy elke dag gaan! As Hy vir jou 'n man wil gee, dan sal Hy daarvoor sorg. Dink maar aan hoe die HERE Rebekka na Isak gebring het, en hoe Rut en Boas se paaie gekruis het!

Ja, dit klink maklik: vertrou op God en Hy sal daarvoor sorg. Maar moet ons nie ook 'n bietjie prakties wees nie? Hoekom? Wie weet die antwoord beter as ons grootste vyand, die satan? Hy wil gráág hê dat jy *nie* volkome op God vertrou nie, maar ook 'n bietjie op jouself. Moenie iets as onmoontlik beskou as jy die verwerkliking daarvan nie kan insien nie! God het nie mense se "logiese / praktiese oë" nodig om sy plan uit te voer nie. Daarom, moenie met "logiese oë" na jou situasie kyk nie, maar kyk daarna met die oë van vertroue.

Om op God te vertrou beteken: moenie God in die weg staan en probeer om *self* die 'teks van die drama' te skryf, in plaas daarvan om sy teks te volg nie. Om na 'n ander gemeente se erediens te gaan net om weer in die geleentheid te wees om die 'prins van jou drome' te ontmoet, of as jy net deelneem aan kerklike aktiwiteite (vul maar self in…) as die 'ware Jakob' óók daaraan deelneem, dan is jy besig om met 'slinkse plannetjies' God in die weg te staan. Dán word dit tyd om jou motiewe te toets. Doen jy dinge om God te verheerlik en jou naaste op te bou, of doen jy dit om in die nabyheid van dié persoon te wees? Onthou, God sien dwarsdeur jou motiewe heen (Spr. 16:2)! Hy het nie jou "voorafbeplande toevallige ontmoetings" nodig in sy raadsplan nie.

Dit beteken nou ook weer nie dat jy seuns moet ignoreer en dan verwag dat God sy keuse op jou voordeurstoep sal laat verskyn nie! Maar vertrou op die

HERE dat Hy sy keuse na jou toe sal lei. As jy *self* agter jou "uitgesoekte prins" aanjaag, mag jy dalk op die ou end met "the second best" getroud wees, en God hou nie van tweede beste nie, Hy soek altyd die *beste* vir sy kinders!

En wat daarvan as ek op God vertrou en ek is op die ou end 98 jaar en steeds ongetroud? Natuurlik, dit is onchristelik om reguit te erken dat jy nie God kan vertrou nie, maar daar is altyd die vreesduiweltjie in jou agterkop wat fluister : "As ek regtig my 'soektog' opgee en alleen op die HERE vertrou, mag dit gebeur dat God nie sal gee wat ek verlang nie, soos 'n eggenoot, 'n huis en kinders". Nee, God wéét wanneer jou hart na hierdie mooi dinge verlang, maar Hy weet ook dat hierdie dinge *aardse* dinge is.

Dus, in plaas daarvan om jou te bekommer oor nóg 'n "dateless Friday night", besef eerder hoeveel waardevolle tyd jy tot jou beskikking het om God en jou naaste te dien. Tyd is *ook* 'n geskenk van God, gaan verantwoordelik daarmee om. Daar is naamlik 'n gesegde wat sê : 'n ongetroude meisie het iets wat 'n getroude vrou opgee die dag as sy trou, en dit is: ekstra tyd vir die HERE. Gebruik dus jou "alleenstaande tyd" tot eer van die HERE, en maak die meeste van elke geleentheid!

Meeste "dateless women" dink hulle ongelukkige situasie is die gevolg van die "reflection in the mirror". Hollywood het die leuen verkoop dat 'n meisie nooit met haar droomman sal trou as sy nie mooi genoeg, maer genoeg en lank genoeg is nie, of as sy nie hoë wangbene het nie(!). Die Bybel waarsku baie duidelik teen die "body beautiful trap" in 1 Pet. 3 : 3, naamlik, "julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie". Al is gevlegte hare en goue juwele (by wyse van spreke) in prinsipe nie verkeerd nie, die ware skoonheid word nie aan die buitekant gevind nie. (Seuns, hou dit in gedagte as julle vir julle 'n meisie uitsoek!)

Ons ken almal die bekende hoofstuk van Spreuke waar God die "pragtige vrou" beskryf. Lees Spreuke 31:10-31, dan sal jy sien dat in 19 van die 20 verse die *innerlike* van die vrou beskryf word, en net in 1 vers iets oor die *uiterlike* gesê word. As jy dan één twintigste van jou tyd op jou fisiese skoonheid bestee (dis min nê?) en die ander 19 twintigstes op die ontwikkeling van ander eienskappe wat God as pragtig beskryf (soos wysheid, vriendelikheid, heiligheid, ens.), dán sal jy die meisie wees wat 'n man moet probeer vind volgens Spreuke 31 : 10.

Vestig jou aandag dus op 'n Godvresende karakter, dan sal Christus jou verander in die pragtige prinses waarvoor Hy jou geskep het om te wees. Want om met 'n prins te trou, moet jy eers 'n prinses word…

En as jy dink jy is rééds 'n prinses, wees geduldig, dalk moet 'jou padda' ook eers in 'n prins verander!

HOEKOM 'N STUDENT?

'N SAMEVATTING VAN DIE PUNTE BESPREEK OP STUDENTEVERENIGING

Nicoline Bijker

Is studie 'n verpligting? In die gelykenis van die talente (Matt. 25:14ev) word aan ons geleer dat as jy jou talente begrawe jy dit alles sal verloor. In Gen. 1 vind ons die kultuuropdrag, om oor die wêreld te heers. Om goed te kan heers, het 'n mens wysheid nodig. As jy dus die geleentheid het, moet jy gaan studeer.

Wat is dit om student te wees? Dit is die oorgangsfase tussen skool en jou beroepsloopbaan. Op skool jag jy punte. Met 'n tersiêre opleidng kry jy die wysheid, kennis en persepsie om die kennis van die teorie te kan toepas op praktiese situasies. Om 'verstandig' te wees in wat jy doen. 'n Student is nie 'n beter mens nie. Jy wissel van rigting, jy is nie meer heeltemal onder jou ouers se vlerke nie. Jy word blootgestel aan vreemde denkrigtings en aan "'*n potensiële oordosis intelektuele stimulanse*".

Wat studeer jy? Iets wat jou interesseer of wat jy kan gebruik om iets vir die samelewing te beteken? Wat is dan jou roeping? Om diensbaar aan God en jou naaste te wees en hulle op die beste manier te kan dien.

Is dit 'n sonde om nie te gaan swot nie as jy wel die gawes het? Wat is die doel van studies as dit gaan oor die praktiese bedryf? 'n Mens het sekere groei in jou studentejare, nie net in kennis nie.

Dit is 'n VOORREG om te kan studeer! Slegs 1% van die wêreldbevolking het die geleentheid tot tersiêre

opleiding. As jy die geleentheid en die begeerte het, besef dat dit 'n voorreg is om te swot. As jy swot, het jy ook verantwoordelikhede. Eerstens teenoor God, wat jou die geleentheid daartoe gee en tweedens teenoor die samelewing. Jy kos die staat jaarliks duisende rande aan subsidies!

Die geestelike student
"Enemy of the Christian student" - jou prisipiële grondbeginsels moet reg gewortel wees. Pas op vir goed waarvoor jy van jonks af al gewaarsku is, soos groepsdruk, ewolusie ens. VEG - dis 'n voortdurende stryd.

Hoogmoed is 'n groot gevaar. (Enemy nr.1 of the Christian student)
Van die ongeveer 45 miljoen mense in SA, is daar net 'n klein persentasie wat Universiteits- of Technikon keuring kry. Dit wil sê ons is eksklusief! Moenie te koop loop met wat jy is nie en die prestasies wat jy behaal nie. Mag jy trots wees op wat jy swot? JA!

Moet net nie met *image* rondloop nie. Onthou jou maniere. Dit gaan oor hoe jy teenoor jou medemense optree. Dien jy jou medemens? 'n Mens is van nature geneig om jou eie roem te soek. Die maatstaf in die Bybel is die maatstaf om ander mense te dien.

'n Paar wenke teen hoogmoed:
a. Meng met die ander
b. Haal jou balkie af. Moenie te koop staan met wat jy is nie. Bv al jou grade by die voordeur ophang of heeldag met jou doktersjassie in die winkels rond te loop.
c. Besef alle mense is gelyk
d. GEBED
   Jy het as student akademiese vryheid, gebruik dit verantwoordelik. Gesonde studentepret - geniet daarvan. Geniet jou jonkwees, Pred. 11:9-10. Kry 'n BALANS, solank jy saans kan bid en verantwoording doen vir wat jy die dag gedoen het.

Sosiale komponent: dis 'n manier om mekaar te help en te ondersteun. Ontspanning moet inspanning kan dien. Wees verantwoordelik vir jou eie dade, jy is nou groot genoeg.

Reaksie

LEWENSKEUSES

Erica Nederveen

Van ons het in ons kleintyd 'n appel se stokkie afgedraai en gekyk by watter letter van die alfabet dit afbreek. Dit sou dan die eerste letter wees van die persoon met wie jy gaan trou se naam. Of jy het die knope van jou klere afgetel: Verlief, verloof, getroud… Sodoende kon jy vasstel wat jou lot eendag gaan wees. Maar noudat jy volwasse is (of oppad na volwassenheid) lyk die prentjie nie meer so eenvoudig nie.

In die artikel "Lewenskeuses" (Februarie 2001) het dit oor een van die belangrikste besluite naamlik "Met wie sal ek trou?" gehandel. Baie van dit wat James Dobson sê is waar en belangrik om in gedagte te hou. Ek plaas egter 'n paar vraagtekens. Kan ons sondige mense **ewigdurende** liefde vind? Is dit net **my** besluit met wie ek gaan trou? En wat van die stelling "**Die sukses van 'n huwelik is eenvoudig die newe produk van 'n ysere vasberadenheid om dit te laat werk"**? Laat ons gaan kyk na wat die Bybel oor hierdie dinge te sê het.

My besluit?
In Genesis 1 en 2 lees ons die bekende geskiedenis oor die skepping van die mens. Die eerste vers waarby ek wil stil staan is dat God Adam en Eva as "man en vrou" geskape het, 'n paartjie wat Goddelik saamgevoeg is. Net so het God vir elkeen van ons voor ons geboorte al besluit hoe ons lewenspaaie sal loop, en of ons met iemand gaan trou of nie.

Die persoon met wie jy gaan trou is dus spesiaal vir jou geskape. Ons lees verder in Gen 2:22, *"En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou, en bring haar na die mens."* So word dit ook in die huweliksformulier gestel dat God vandag nog elke man en vrou na mekaar toe lei (kyk ook Mattheüs 19: 4–6).

Die besluit om met iemand te trou moet dus gedryf word deur 'n roepingsbewustheid, en nie deur enige ander motiewe nie. Die roeping kan wees dat jy met 'n sekere persoon moet trou of dat jy ongetroud sal bly, natuurlik nie uit selfsug nie, maar in diens van God.

Indien God dit so beskik het dat daar ‘n huweliksmaat vir jou is sal Hy op sy tyd julle bewus maak van die wedersydse roeping. Ons begin dus op ‘n ander wyse ons knope aftel, naamlik: verlief, **geroepe**, verloof, getroud!

Maar hoe weet ons nou wanneer dit die persoon is wat God vir ons bestem het? Die eerste aspek waarna gekyk moet word is die geloof van beide persone wat moontlik betrokke kan raak in ‘n verhouding. In 1 Korinthiërs 7: 39 lees ons dat jy net mag trou “in die Here” en in 2 Korinthiërs 6: 14 lees ons dat jy nie in dieselfde juk as die ongelowige mag trek nie. Die geloof vorm die basis van ‘n goeie huweliksverhouding. Want as huweliksmaats moet jy saam God kan aanroep, saam Bybelstudie kan doen, saam in die koninkryk van God kan werk en saam jul kinders in die vrese van die HERE kan opvoed.

Nog ‘n aspek wat belangrik is, is die liefde wat God tussen die man en vrou geskep het. Dink maar aan die pragtige boek Hooglied waar die liefde tussen die man en vrou beskryf word. Ander punte waarna gekyk kan word om te sien of dit die persoon is wat God vir jou bestem het vind ons in die artikel “Lewenskeuses”. Verder moet ons onthou om ook te luister na wat ander mense sê, maar moet nooit vergeet om God te bid vir wysheid en lyding sodat jy kan weet wie vir jou bedoel is nie. In Genesis 24: 12-14 sien ons hoe Abraham se dienskneg ‘n bruid vir Isak van die Here afbid.

Ewigdurende liefde?

In Sondag 2 – vraag en antwoord 5 – leer ons dat die mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat. Uit onsself kan ons dus nie ewigdurende liefde vind nie, want selfs in ‘n gewone verhouding is alles nie altyd maanskyn en rosegeur nie. Nog minder kan ons ‘n sukses van ‘n huwelik maak deur ysere vasberadenheid, want sonder die Here is alles tevergeefs (Psalm 127).

Lê daar dan ‘n grou toekoms vir almal wat trou voor? Of is daar tog ‘n wenresep? Wanneer jy getroud is het julle as huweliksmaats ‘n plig teenoor mekaar. Plig en liefde is iets wat in ons moderne wêreld nie hand aan hand gaan nie. Jy het egter op jou troudag ‘n belofte aan jou maat gedoen en nou is julle aan mekaar verbind tot liefdevolle sorg en trou. In Efesiers 5: 25 kry die manne die direkte opdrag om hul vroue lief te hê. So moet die vrouens ook hul mans liefhê. Om in ‘n verbrokkelde huwelik nie te skei nie terwille van omstandighede, is ook nie reg nie. In ‘n huwelik moet daar liefde wees. Die huwelik moet ook as ‘n gawe van God gesien word en ons sal in moeilike tye moet leer om God daarvoor te dank. Indien daar swaar tye voor kom moet ons onthou dat God ons krag gee om die roeping wat Hy ons gegee het uit te voer (Mattheüs 11: 29, 30 en Filippense 4: 13).

Ten slotte: die huwelik is ‘n gawe van God en saam met die gawe ontvang ons ook ‘n opdrag, maar ons moet altyd onthou dat die huwelik nie in die pad mag kom van God se koninkrykswerk nie.

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Na die gejaag van die kongres, vakansie en gepaardgaande feesgety voel die realiteit dat sommige van ons nog moet werk en studeer maar baie onopwindend. En terwyl almal nog probeer verwerk presies wat wanneer en hoe gebeur het begin die besef deursypel dat dit nog ‘n volle jaar is voor ons weer behoorlik agteroor kan sit en ontspan. Dit mag dalk alles baie negatief en wanhoopig klink, maar dit is nie

heeltemal die geval nie, want sien in elke af dag en vry naweek skuil daar tog die moontlikheid van tallose socials om die jaar so ‘n bietjie (of eintlik baie) meer draaglik te maak. En dit is waar ons man van aksie, Peter, inkom, want alhoewel hy nog so af en toe sukkel om die regte kleur das by die regte kleur broek te pas, weet hy hoe om kampe, staptogte en braaie te organiseer. Sonder enige verlore tyd het hy dan ook een van elk gereël.

‘n Mens mag dalk dink dat mense ietwat huiwerig gaan wees om ‘n staptog met die naam van “Suicide Gorge” aan te durf, maar of dit nou die vreeslose passie is waarmee ons Kapenaars sulke geleenthede aangryp, of ons totale onvermoë om Ingels te lees en verstaan sal ons nooit weet nie, want indien jy nie met die spoed van ‘n wit fisant gewerk het om jou geld by Peter in te betaal nie, het jy soos baie nie plek gekry nie.

Maar genoeg oor wat nog kom. Die eerste georganiseerde(‘n oneindig wye term in die Kaap) ontspanning van die jaar was die Chinese braai by die Eeftings. Almal moes dan ook aantrek volgens die tema, en wat verstommend is, is dat nie een sonder Chinese drag opgedaag het nie. Lieneke was “Karate Woman” terwyl Carien die tradisionele Chinese drag gedra het. Die res van ons het almal in wat bekend staan as “urban” Chinese drag gekom. Die beoordeelaars het om hierdie rede ook ‘n geruime tyd geneem om Carien en Lieneke as meneer en mejuffrou of eerder mejuffrou en mejuffrou China 2001 te kroon.

Dit het die Jeug nie lank gevat om die naam van Sonstraal-dam in ‘n klug te laat verander nie. Die dam word gereeld gedurende die nag besoek en dit is te betwyfel of iemand van die jeug al die dam in die dag gesien het. Dit is die perfekte substituut vir die Uniegebou in Pretoria, al wat ons nog kort is, wêl... die Uniegebou. Terwyl die meeste van ons kaartspeel of probeer kaartspeel (Hein) gebruik die romanties van hart die tyd om aan hul geliefdes te dink. Hierdie byna bedreigde spesie bestaan tans uit die een of twee ooglopende paartjies, en dan sonder om name te noem, Jaco, wat ‘n Transvaalse meisie se voete onder haar uitgeslaan het, dit klink of daar ‘n Rosserige toekoms vir hom voorlê. Dan is daar nog sekere grensgevalle waaroor min bekend is, maar van die vrolike atmosfeer wat tans heers kan dit seker ook met hulle nie te sleg gaan nie.

Baie van ons moes ook agterkom wat ‘n uiters frustreerende sport tenpin-bowling is. Ego’s is geknak en reputasies is verwoes in hierdie op sig onskuldige spel. Uit ervaring kan ek u vertel dat daar niks meer hartverskeurend is as om jou 20-rotasies-per-minuut-windweerstand-inaggeneemde-regterhand-spinbal met verwoestende snelheid by die goot af te sien beweeg nie. Om alles te kroon gooi die fyn dame daarna met wat eerder beskryf kan word as ‘n slinger beweging min of meer in die rigting van die baan, ‘n “strike”. Die aand was ook nie een wat Jaco gou sal vergeet nie, hy probeer nog steeds uitvind wie so oorspronklik was om tamatiesous in sy skoen te sit. Ten minste sal sy skoen in die nogal onwaarskynlike geval waar hy homself alleen op ‘n woestyn eiland êrens in die Stille Oseaan bevind nou so ‘n klein bietjie beter smaak.



Ons kan ook hierdie jaar weer ‘n paar nuwe jeuglede welkom heet, ons hoop Sjirk, Marcel, Alfred, Elisabeth, Ingrid, Ilse gaan die jaar saam met ons geniet.

Geen diere is seergemaak in hierdie uitgawe van die Sleutelgat nie.

Tot volgende keer, of soos die skater bru’s sal sê: “keep it real!”

MATRIKULANTE 2000 – STUDENTE 2001

Hierdie jaar het ons ses jeuglede wat hulle skoolloopbaan suksesvol klaar gemaak het. Hulle het dan nou ook met die studentelewe begin of eerder, **die lewe**, soos ander studente hulle seker al oortuig het. Hulle is:

Carien Antonides doen ‘n B.Sc in Bosbou aan die Universiteit van Stellenbosch. Dis ‘n vier jaar kursus waarvan die eerste jaar net soos ‘n gewone B.Sc verloop, en in die tweede jaar kan hulle kies watter rigting hulle wil ingaan. Sy weet nog nie juis wat sy gaan kies nie, aangesien daar te veel keuses is waaruit sy moet kies. Carien hou van die natuur en wil nie eendag as sy werk in ‘n kantoor sit nie.

Wietske Douma gaan Nederland toe en daar haar opleiding kry. Sy gaan seker eers vir ‘n tydjie werk en dan wil sy onderwys studeer. Sy het dit gekies omdat sy baie van kinders hou. Wietske is nie heeltemal seker hoe lank dit is nie, seker so 3 of 4 jaar.
As sy gestudeer het wil sy graag laerskool onderwys gee.

Jan Geerts studeer Siviele Ingenieurswese aan die Kaapse Technikon. Hy het die rigting gekies omdat hy dit al op skool gehad het en hy hou baie daarvan. Jan sê in die HAT staan ‘n goeie beskrywing van wat sy studies behels. Hy is nog nie seker in wat hy gaan spesialiseer nie, hy het nog tyd want hulle hoef eers later daardie besluit te neem.

Erik-Jan Moes geniet sy studentelewe by die Universiteit van Stellenbosch. Hy volg ‘n vier en ‘n half jaar kursus in Elektries-Elektroniese Ingenieurswese. Sy studies behels enigiets van Wiskunde tot Tegniese tekeninge en die ontleding van stroombane. Tegniese en elektronies aparate het Erik-Jan se belangstelling van vroegs af al geprikkel. Hy beplan om as alles goed verloop eendag by ‘n groot maatskappy soos IBM of Intel te werk as ontwerper van enige vorm van elektroniese aparatuur, enigiets wat in selfone kom tot chips vir rekenaars.

Carina van Alten swot by Stellenbosch Kollege vir Bestuurassistent. Dit is ‘n sekretariële kursus wat haar twee jaar in Stellenbosch gaan hou. As sy haar studies klaar het gaan sy in ‘n sekertariële rigting werk soek.

Giny van der Vinne is ook by Stellenbosch Kollege, waar sy Sake Administrasie TSA doen – ‘n drie jaar kursus. Dit behels rekeningkunde wat haar gunsteling vak was op skool, Giny kan goed kommunikeer soos ons weet en daarom ook het sy dit gekies. Haar studies is baie sekretarieël maar net gevorderd, sy sukkel met die tikwerk sy glo nie dit het te doen met waar haar hare uitkom nie maar met die kleur van haar hare. As sy haar tikwerk eendag klaar het gaan sy werk by Prokureurs, by ‘n Hospitaal, Veearts of anders gaan sy oorsee.

Ons wens julle sterkte toe met julle studies. Sien God se leiding ook in die keuses wat julle gemaak het, vertrou op God dan sal dit goed gaan.

VOETSPOOR

Die tyd stap weer aan en die vakansie is al weer amper op ons. En die herfs is ook al in die lug. Maar laat ek julle vertel wat die afgelope tyd gebeur het.

Ons het ons eerste studentevereniging-vergadering van die jaar gehad waar ons met ‘n lekker braai begin het. Daarna het Anne Groenwold met ons gepraat het oor “Wat is studentwees?”. Dit was lekker om weer so ‘n bietjie te filosofeer oor hoe om jonk te wees. Vir my was dit ‘n baie suksesvolle aand.

Verder is die jeug so vol idees vir geldinsameling vir die kongres aan die einde van die jaar. Daar was ‘n flukse klomp jeuglede wat weer gaan motorvensters was het, terwyl ander weer gehelp het met die “*stocktaking*” by A&J Plastiek. Elke Dinsdagaand word daar stukkies koek verkoop by vereniging om maar net nog 'n fondsinsamelings-projek te noem. Ons is nog op skedule wat die fondsinsamelings betref vir hierdie jaar se kongres wat Maranata reel.

Dan is daar nog ‘n paar hospitaal stories. Mendel Retief (of Ds. Retief soos party van julle hom sal ken) was in die hospitaal vir ‘n blindederm operasie. Maar dit lyk nie asof dit hom enigsinds gekeer het nie, want 'n week na die operasie het hy al weer tafeltennis gespeel. Cornelis Kleyn was ook in die hospitaal omdat hy sy pinkie gebreek het tydens een of ander balspeletjie. Sy pinkie is geopereer en blykbaar is daar ‘n skroef ook

ingesit. Ons hoop maar dat dit gou gesond sal word.

Die jeugverenigings het ook nou begin om ‘n evangelisasiekursus te volg. Tannie Inge het ons solank al ingelig oor wat dit beteken om te evangeliseer en ons ‘n oorsig gegee van wat die kursus behels. Ons sien uit na die res van die kursus om in meer detail te leer hoe om te evangeliseer sodat God se kerk kan groei.

Die jeug het ook besluit dat dit dalk ‘n goeie idee sal wees om ook by ouer mense te gaan koffie drink op Sondagaande. Die eerste bevoorregte dame was Mevrou Zielman wat hier is vanuit Nederland. Sy het verjaar en ons mog saam met haar die geleentheid vier. So het ons ook oom Pieter Oelen se verjaarsdag ‘n week daarna gevier. En daar was vir hom tot selfs ‘n koek in die vorm van 75 met altesaam 75 kersies daarop. Hy was baie verras gewees. Maar ek hoor dat daar in die komende weke nog koffiedrinke gereël is by ouer mense. Dus vir die jeug wat nog nie by sulke koffiedrinke uitgekom het nie, doen julleself ‘n guns en gaan woon so ‘n koffiedrink by. Dit is voorwaar ‘n belewenis.

Jan van de Weide het besluit om ‘n paar weke oorsee te gaan om Nederland ‘n bietjie te gaan verken. Maar hy sal weer gou terug wees. Hilde Ros het ook Nederland toe gegaan, maar sy is van plan om net Oktober vir ‘n vakansie terug te kom en dan weer oorsee te gaan. Jolandi van de Weide het ook besluit dat die gras dalk groener (of is dit dalk witter) is aan die anderkant van die draad en sy gaan nou in Nederland au pair werk doen. Ons hoop maar dat hulle te veel na Suid-Afrika sal verlang en darem so af en toe ‘n vakansie hier kom hou of vir goed terugkom.

Wel, dit is nou al van my kant af. Tot ‘n volgende keer
Voetspoor

nog iets…

BEMINDE

Mendel Retief

Ons het God lief omdat Hy ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4:19). Dit beteken dat ons liefde ’n antwoord is op God se liefde. Dit is nie ons wat uit ons eie so goed is om God lief te hê nie. God is die Een wat die goeie werk in ons begin. Hy skenk ons vergewing van al ons sondes en neem ons aan as sy kinders deur Christus, sonder dat ons na Hom gesoek het. Wanneer God sy liefde en genade so aan ons bewys, vra Hy egter ook dat sy liefde beantwoord word. Die gedig wat hier volg wil op eenvoudige wyse hierdie antwoord van ons hart en lewe verwoord.

BEMINDE

Vir liefde trou
en sorg
waarin U my vou
en borg
wil ek ewig
dankie sê
en doen soos U wil hê
om in U lig
altyd meer daarin
U al meer te min.

GOD’S HIGHLANDER ~ E.V. THOMPSON

Wilma Lubbinge

The magnificent tale of love and loyalty in Scotland’s tragic mountain country…

Dis die jaar 1843. Skotland is onrustig, niks is meer wat dit was nie. Mense se lewens en hul lewenswyses word bedreig. Selfs in die kerk vind daar veranderinge plaas.

Die oorsaak van die onrus is hoofsaaklik die ontvolking van die berglandskap. Gesinne en families word uit hulle huise gedryf en selfs doodgemaak as hulle hul verset. Net sodat hulle plek kan maak vir troppe en troppe skape. Dit is moontlik omdat die land opgedeel is in 'estates' waarvan die rykes die eienaars is. Die gewone mense huur net die land, terwyl daar so hier en daar stukkies land deur hulle besit word. Die hele opset veroorsaak dat die eienaars kan doen met die land en die mense net wat hulle wil. Hulle dwing selfs hulle wil af op die kerk, omdat dit ook hulle 'besit' is. Maar dit is Skotte wat daar bly, en hulle laat hulle nie sommer rondstoot nie. Hulle is vurige mense met 'n geskiedenis van helde en bloeddorstige oorloë.



Dit is in die situasie waar Reverend Wyatt Jamieson in stap. Al is hy self ook in die berge gebore, word hy as 'n buitestaander beskou. Meer nog omdat hy deur die Landlord aangestel is en nie deur die mense van die kerk gekies is nie. Hy is dus nie welkom nie. Maar hy wil nie as die *Landlord's man* beskou word nie, maar as *God's man.* En so begin sy stryd om aanvaar te word deur die mense van Eskaig, hy raak betrokke en leer vir Mairi ken. Die kaalvoet meisie van die berge.

Die maklike leesboek vertel met objektiwiteit die stryd tussen die Landlord en die gewone volk. Asook die stryd in die kerk, hoe die staatskerk verander word na die Free Church of Scotland.
Geskiedenis en fiksie word vermeng tot die werklikheid van mense se lief en leed.

DIE KLEURE VAN LIEFDE ~ IN LEWE EN STERWE EN DAARNA

Marthie Momberg

Die boek is 'n ware verhaal en speel af teen die agtergrond van 'n dodelike siekte en die onvoorspelbare afloop daarvan. Derik Momberg - sielkundige, teoloog, sakebestuurder. Sy lewe het vir hom oopgelê, maar op 41 jarige ouderdom word hy met bloedkanker gediagnoseer. Tog is daar 'n 70% kans op genesing. Maar daar is nog steeds pasiënte wat doodgaan.



Maar Derik en Marthie het 'n unieke benadering tot die hantering van die siekte en die inpak wat dit in hulle lewens het. Die besluite wat hulle neem bepaal hulle gedrag en emosionele verwerking van die hele proses. Die boek neem jou saam in hulle reis en jy raak betrokke, voel die emosies en vrese. Die boek is uniek in die sin dat dit nie net 'n verhaal is nie, dit is 'n terapeutiese boek. Maar nie sonder sy gevare nie. Die manier hoe die egpaar die siekte en gevolge hanteer is baie suksesvol, maar moet tog krities beoordeel word. Hulle neem 'n bietjie van Humanisme, New Age, Christenskap en ander gelowe. Meng dit saam om 'n

eie filosofie saam te stel, waar God ‘n gelyke rol speel met die mens en sy sprituele sy.

‘Ek het met alles in my begeer dat Derik en ek nog vir baie jare saam moes wees, en nou het ek sekerheid gehad dat die einde van sy lewe nog nie aangebreek het nie. Ek het my nuwe energie eers heelwat later begin verstaan, maar in die stadium was my grootste deurbraak dat ek na Derik kon kyk as iemand wat lewe en nie as iemand wat besig was om te sterf nie. Ek het dus ons bestaan gedefinieer in terme van lig en lewe en nie in terme van afskeid en dood nie.’ P 127

Die boek moet krities en objektief gelees word. Of verkieslik deur ‘n groep mense gelees en dan bespreek word. Dalk ‘n onderwerp vir ‘n Koffiedrink/Jeug-vereiging of sommer net in die gesin.

VERJAARSDAE

Bethal

Alet van der Merwe	9 Apr
Ryno Fletcher	12 Apr
Nicolene Fletcher	26 Apr

Johannesburg

Wolter Bijker	20 Mar
Johan van Lith	22 Mar
Guido Kuyvenhoven	9 Apr
Leo Boessenkool	23 Apr

Kaapstad

Corrien Geleijnse	1 Mar
Geerarda van der Vinne	3 Mar
Sjirk Geerts	5 Mar
Kornelis Miske	21 Mar
Maarten Raimond	21 Mar
Maaike Raimond	8 Apr
Ingrid Byker	13 Apr
Maartje Eefting	19 Apr
Alfred Haak	24 Apr

Maranata

Bertha de Jager	3 Mar
Jean-Paul van den Bout	12 Mar
Gerda Aartsma	24 Mar
Marinus de Jager	31 Mar
Hermien Bijker	15 Apr
Johannes de Vries	20 Apr
Irma Boon	20 Apr
Gerda de Vries	21 Apr
Jessica Kampman	21 Apr
Herman de Jager	25 Apr
Janneke de Vries	30 Apr

Pretoria

Ineke Roose	2 Mar
Marjanie Roose	2 Mar
Jan Lubbinge	13 Mar
Annemarie Lubbinge	15 Mar
Annelieke de Vries	21 Mar
Hilbert van den Bout	25 Mar
Natasha Danielz	25 Mar
Pieter Bron	25 Mar
Albert van der Poel	26 Mar
Frank Douma	30 Mar
Gerrit Kamphuis	7 Apr
Anita Zielman	9 Apr
Jan van de Weide	10 Apr
Petra Ros	14 Apr
Erika Ros	19 Apr
Karina Smit	25 Apr
Nicolas Kleyn	26 Apr